

28 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:13-16
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:15

Laat God jou maatstaf wees

Om deur God geroep te wees, is 'n wonderlike voorreg. Deur die Bybel te lees, of deur preke of katelese, deur vriende of ouers, word sondaarmense geroep. Ons leer die evangelie van Jesus Christus ken, kom tot geloof en begin anders leef.

Ons Christelike lewe lyk anders, omdat

- .. ons 'n nuwe verwagting van die toekoms het .
- .. ons 'n nuwe gehoorsaamheid aan God nastreef .
- .. ons meer en meer soos ons heilige God wil wees. .

Deur ons toekomsverwagting dra Christene 'n sterk boodskap van hoop uit. Ons wat geroep is om Jesus te volg, besit ook die beloftes van sy wederkoms. Daarom kan ons wakker en nugter wees. Wakker, sodat ons nie in ons sondeslaap bly nie. Die nuwe dag is reeds aan die breek, gebruik elke oomblik om gereed te maak vir die dag van die Here. Maar wees ook nugter. Pasop om nie paniekerig te raak nie. Wees in die waarheid van die Woord geanker en beoordeel alle leringe met nugterheid.

Christenskap eis 'n losbreek van die ou, goddelose wêreld. Jou eie lewe kon vroeër sonder God gewees het. Noudat jy Jesus volg, kan jy nie meer in ongehoorsaamheid leef nie. Ook wanneer ons verder gegroei het in ons geloofslewe, moet ons daaglikse bekering nastreef. Wees nie meer 'n slaaf van ou, sondige begeertes nie. Laat jou deur die krag en wysheid van die Gees lei tot 'n nuwe gehoorsaamheid aan jou genadige God.

Ons maatstaf vir hoe ons behoort te leef, mag nie die standarde van ons vriende of die artikels in populêre tydskrifte wees nie. Nee, wees heilig soos God heilig is. Een honderd persent aan Hom toegewy. Nie slegs 50% nie! Wie nie daarin volhard nie, sal deur die gemeenskap as vals beskou word. Jy bely dan iets wat jy nie uitleef nie. So stoot jy mense weg van Christus af.

Sing: Psalm 100:1-4

Dr. WC Opperman (Windhoek-Suid)